

INFORMELE ASSESSERING COVID-19 Memorandum

* Maklik	** Gemiddeld	*** Uitdaging
----------	--------------	---------------

A. Lees die nuusberig en beantwoord die vrae.

Goeie Nuus	
<p>Hond wag getrou by hospitaal vir eienaar 23 Januarie 2021</p> <p>'n Hond het ses dae lank voor 'n hospitaal in Kaapstad vir haar eienaar gewag totdat hy ontslaan is.</p> <p>Mnr. Moody is op 14 Januarie per ambulans na Groter Schuur Hospitaal vervoer. Sy hond, Wagter, het die ambulans agternagesit en hy het dae lank buite die hospitaal gewag totdat sy eienaar ontslaan is.</p> <p>Familie van Mnr. Moody het Wagter kom haal en huis toe geneem maar hy kon daarin slaag om te ontsnap en het weer voor die hospitaal gaan wag.</p>	<p>Wagter het vinnig in hospitaalpersoneel se harte ingekruip en hulle het hom daaglik kos gegee en versorg.</p> <p>Wagter en Mnr. Moody is herenig nadat hy ontslaan is.</p> <p>Aangepas van Maroela Media https://maroelamedia.co.za/vreemdhedevideo-hond-wag-getrou-by-hospitaal-vir-eienaar/</p> <div style="text-align: center;">  </div>

1. Aan wie behoort die hond? *

Mnr. Moody

2. Wat is die hond se naam? *

Wagter

3. Vir wat het Wagter agtervolg? *

Die ambulans

4. Wanneer is Mnr. Moody na Groter Schuur Hospitaal geneem? *

14 Januarie 2021

5. Waar is Groter Schuur Hospitaal? **

In Kaapstad

6. Hoe lank was Mnr. Moody in die hospitaal? **

6 dae

7. Wie dink jy was die blyste toe Wagter en Mnr. Moody herenig het? Wagter of Mnr. Moody? Motiveer jou antwoord. **

Ek dink Wagter was die blyste want hy het bly wag vir sy eienaar.

8. Hoekom dink jy het die hond voor die hospitaal gewag vir sy eienaar? **
(Moontlike antwoord)

Die hond wou seker gemaak het dat sy eienaar veilig is.

9. Dink jy die hospitaalpersoneel is gawe mense? Gee rede vir jou antwoord. ***




Ja, ek dink so want die hospitaalpersoneel het vir Wagter kos gegee.

10. Het jy 'n troeteldier wat so getrou is? Of het jy gehoor van 'n troeteldier? Vertel in twee sinne van die troeteldier. ***

Ek het 'n kat wat elke aand saam met my gaan slaap. Sy kom haal my elke aand as dit bedtyd is.

B. Skryf nou 'n paragraaf uit die oogpunt van die hond.

- Dink hoe het die hond gevoel.
- Gebruik byvoeglike naamwoorde (beskrywende woorde) om die hond se gevoel te beskryf
- Paragraaf tussen 50 en 60 woorde.

			
Byvoeglike naamwoorde	Die leerder het heelwat byvoeglike naamwoorde gebruik.	Die leerder het net 'n paar byvoeglike naamwoorde gebruik.	Die leerder het glad nie byvoeglike naamwoorde gebruik nie.
Vertel van die hond se oogpunt	Die leerder het baie goed uit die hond se oogpunt geskryf.	Die leerder het probeer om uit die hond se oogpunt te skryf.	Die leerder kon glad nie uit die hond se oogpunt skryf nie.
Taal en spelling	Die paragraaf het omtrent geen taal- en spelfoute nie.	Die paragraaf het 'n paar taal- en spelfoute.	Die paragraaf het baie taal- en spelfoute.
Lengte van paragraaf	Leerder het tussen 50 en 60 woorde geskryf.	Leerder het tussen 40 en 59 woorde geskryf.	Leerder het tussen 30 en 49 woorde geskryf.

Kleur in:

